NTO

## 2022/23 - Vyf Produksies - 150 Dorpe / Stede

## 2022/23 - Five Productions - 150 Towns / Cities

**Belangrike inligting vir ons Gasheer - Vennote**

**Important information for our Host - Partners**


Jan. 2022 © Nasionale Toneel Organisasie National Theatre Organisation

Die Nasionale Toneel Organisasie (NTO) National Theatre Organisation se doelwit is om gehalte vermaak in Afrikaans en Engels na Suid Afrikaanse gehore te bring. Aanvanklik sou die organisasie op slegs Afrikaanse produksies gekonsentreer het, maar daar is onlangs besluit om vermaak vir beide Engels– en Afrikaanssprekende gehore op die planke te bring. 'n Nuwe logo is ook ontwerp om beide toneelkuns en musiek te simboliseer.

Daar is ook besluit dat daar op elke dorp / stad waar 'n optrede plaasvind, 'n plaaslike Vennoot aangestel sal word om met die reëlings en bemarking te help. In ruil vir hierdie samewerking ontvang die Vennoot (hetsy 'n individu, organisasie, skool of kerk) 25% van die bruto kaartjieverkope.

Hierdie brosjure bevat al die relevante inligting rakende die ses produksies wat die NTO gedurende 2018/19 sal aanbied. Ons nooi u om die inligting te bestudeer alvorens u besluit om ons as Vennoot by te staan.

**Inhoudsopgawe**




1. Die Produksies
2. Meer oor die Produksies
3. Wat ons op elke dorp nodig het
   - Verhoog-spesifikasies
   - Saal-spesifikasies
   - Bemarking en reklame
   - Kaartjieverkope
   - Verversings
   - Verblyf vir speleres en verhoogpersoneel
   - Tegniese inligting
4. Ons Vennootskap
5. Hoe om voort te gaan


Die Produksies
Geleende Vere
Die een se dood
MAD ABOUT THE MUSICALS
ANDREW LLOYD WEBBER GALA
Come Fly With Me
ABBA
THANK YOU FOR THE MUSIC






***Meer oor die Produksies***


Gedurende die 2018/19 Seisoen, bring die NTO 'n totaal van ses produksies op die planke. Twee hiervan is Afrikaanse toneelstukke, terwyl die ander vier musikale produksies is. Op hierdie manier glo ons dat daar in almal se vraag na kwaliteit vermaak voorsien kan word en word 'n weier gehoor ook bereik. Al die produksies is geskik vir oud en jonk. Dit is NTO-beleid om geen naaktheid, kru taal, rassisme, godslastering of haatspraak in sy produksies aan te bied nie.

Die vier musikale produksies is as volg :

| | | |
|---|---|---|
| ***Thank you for the music*** | - | Die musiek van ABBA |
| ***Come fly with me*** | - | Die musiek van Frank Sinatra |
| ***Mad about the musicals*** | - | Uittreksels uit die gewildste musiekblyspele |
| ***Andrew Lloyd Webber Gala*** | - | Die musiek van die meester van musiekteater en skepper van Phantom of the Opera |

Al die produksies reis met volledige dekorstelle, kostuums, beligting en klanktoerusting. Die produksies is ligte vermaak vir jonk en oud.





### *Meer oor die Produksies*


Die twee Afrikaanse toneelstukke is -

***"Geleende Vere"*** - 'n Klug in drie bedrywe met vyf spelers


***"Die een se dood"*** - 'n riller in drie bedrywe met vier speler

***"Geleende Vere"*** speel in die laat 1800's af, net nadat die telefoon en motorkar uitgevind is. Prins Leopld is 'n pierewaaier en sy lakei, Rudolf, aard so reg na sy heer en meester. Wanneer die Prins onverwags op 'n afspraak gaan, neem Rudolf sy kans waar om sy geleende vere aan te trek en 'n jong dame te onthaal - min wetend wie sy werklik is. Wanneer Graaf Gustav opdaag om na sy vrou te soek, begin die poppe dans. Die Prins en Rudolf het skaars 'n oomblik vrede...

***"Die een se dood"*** speel in die sewentigerjare van die vorige eeu af. Julius, 'n skrywer, is getroud met 'n skatryk ouer vrou. Sy kan nie van Julius skei nie, want dan verloor sy haar aansienlike erfporsie. Tyd om aan 'n ander oplossing vir hierdie probleem te dink.... Susan Lessing, Julius se tikster en skelmpie, het egter planne van haar eie. Uiteindelik word die noodlot deur Wilma se geskenk van Julius bepaal.



*Wat ons op elke dorp nodig het*




*Minimum verhoog-spesifikasies*

### *Saal-spesifikasies*

‘n Standaard skool– of stadsaal wat ‘n minimum van 150 persone kan huisves word op elke dorp benodig. Voldoende stoele moet beskikbaar wees en sodanige stoele moet in ‘n goeie, skoon toestand wees. Twee blokke stoele met ‘n paadjie van minstens 2 meter tussen die twee blokke moet voorsien word. Die saal moet netjies en skoon wees vir die vertoning en geen ander losstaande apparaat of toerusting moet in sig van die gehoor wees nie, behalwe bestaande beligting en klanktoerusting. Alle sporttoerusting moet asseblief vir die duur van die vertoning verwyder en gestoor word. ‘n Tafel vir verversings moet in die voorportaal voorsien word, sowel as ‘n tafel vir die verkoop van kaartjies, programme en aandenkings. Beide tafels moet van ‘n netjiese tafeldoek voorsien wees. ‘n Ruiker vars blomme op die tafels is altyd ‘n goeie idee. Die toilette behoort van toiletpapier, seep en handdoeke voorsien te wees.

### *Bemarking en Reklame*

Die NTO sal voldoende hoeveelhede plakkate en brosjures vir elke Vennoot voorsien. Die besonderhede van die vertoning (datum, plek en saal) moet deur die Vennoot op die plakkate aangebring word. Die plakkate en brosjures moet opsigtelik vertoon / versprei word en die Vennoot moet ‘n lys van adresse waar sodanige materiaal versprei/vertoon is aan die NTO verskaf op aanvraag. Waar moontlik moet ‘n foto van elke plakkaat geneem word nadat dit gemonteer is in ‘n winkelvenster of teen ‘n lamppaal. Die NTO sal ‘n standaard persvrystelling verskaf en die Vennoot mag hierdie vrystelling na goeddunke in die plaaslike media gebruik. Volkleur foto’s sal ook deur die NTO voorsien word. Die koste van alle promosiemateriaal word deur die NTO gedra.

***Kaartjieverkope***

Tot 250 kaartjies sal aan die Vennoot verskaf word, met dien verstande dat 'n minimum van 150 kaartjies per dorp verkoop moet word ten einde die vertoning finansieël lewensvatbaar te maak. Die prys van die kaartjies beloop 'n minimym-R120 elk vir volwassenes en R80 vir kinders. Sommige produksies mag duurder pryse hê.

Vir blokbesprekings van 10 of meer geld 'n afslag van 10% per kaartjie. Die prys vir senior burgers en kinders onder 13 is R60 per kaartjie. Indien die Vennoot 'n borg kan bekom van 'n plaaslike besigheid / boerdery / weldoener, kan kaartjies teen R60 ook verkoop word aan groepe mense wat graag die vertoning wil bywoon, maar nie noodwendig die kaartjies kan bekostig nie. Die NTO sal ook oorweeg om 'n middagvertoning op elke dorp aan te bied indien groot skoolgroepe van meer as 100 kinders teen R80 elk 'n vertoning wil bywoon.

Die ideale manier om kaartjies te verkoop is om 'n klein komitee van toegewyde helpers op die been te bring. Die Vennoot tree dan as sameroeper van so 'n groep op en is verantwoordelik vir die reëlings met die groep. Die Vennoot kan in eie diskresie besluit watter persentasie van inkomste met sodanige groep gedeel word, met dien verstande dat enige sodanige kommissie uit die Vennoot se 30% van omset betaal sal moet word. Deeglike boekhouding moet plaasvind en die NTO moet elke Vrydag van 'n geskrewe opsomming van die voorafgaande week se verkope voorsien word. Sodanige verslag moet saam met die weeklikse bewys van inbetaling aan die NTO gestuur word per faks of e-pos. Die verslag en bewys van inbetaling moet die NTO voor 16h00 elke Vrydagmiddag bereik. Verdere bepalings hieroor word in die "Samewerkingsooreenkoms" uiteengesit.

***Verversings***

Elke vennoot moet eie inisiatief neem met die verkoop van verversings. As 'n minimum behoort koffie, tee en koeldrank, tesame met twee soet en twee sout versnaperinge te koop aangebied word. Die NTO plaas geen beperking op WAT verkoop mag word nie, behalwe dat geen alkoholiese drank bedien / verkoop mag word nie. Geen sigarette mag te koop aangebied word nie.

Die Vennoot moet sorg dat voldoende hoeveelhede koppies, pierings, klein bordjies en ander eetgerei beskikbaar is en moet ook verseker dat sodanige breekgoed nie na pouse in die saal ingeneem word nie. Die gehoor moet tydens pouse hul verversings geniet en alle glase / koppies / bordjies in die voorportaal laat. In geval die saal om die een of ander rede ontruim moet word, sal die teenwoordigheid van enige breekware 'n risiko wees.

Die NTO sal voor die aanvang van die vertoning 'n aankondiging maak dat rook verbode is.

Die gebruik van selfone en kameras word ook verbied.

### *Verblyf vir spelers en verhoogpersoneel*

Die produksies het vyf tussen en ses spelers  Die Verhoogpersoneel bestaan uit drie mans.  Daar moet op elke dorp verblyf vir tot 9 persone gereël word.  Terwyl dit ideaal is dat almal in dieselfde verblyf tuisgaan, kan daar ook 9 gesinne gereël word om elkeen EEN persoon as gas in te neem vir een nag.  Indien daar van 'n gastehuis of hotel gebruik gemaak moet word, moet die Vennoot die beste moontlike prys namens die NTO onderhandel.  Die koste sal op die dag van die vertoning aan die gastehuis / hotel betaal word.  Indien 'n hotel of gastehuis bereid is om die verbly te borg, sal TIEN gratis kaartjies aan sodanige hotel of gastehuis verskaf word vir verspreiding aan hul gaste.

Die verdeling tussen mans en dames is as volg per produksie :

| | | |
|---|---|---|
| **Thank you for the music : 4 mans / 2 dames** | **Come fly with me : 4 mans / 3 dames** | **Geleende Vere : 6 mans / 2 dames** |
| **Die een se dood : 4 mans / 2 dames** | **Andrew Lloyd Webber Gala : 5 mans / 3 dames** | **Mad about the musicals : 5 mans / 4 dames** |

### *Tegniese inligting*

Alhoewel die NTO van sy eie beligtingtoerusting saambring, is dit tog belangrik dat die saal wat gekies word OOK oor bestaande beligtingtoerusting beskik.  Die NTO sal sodanige toerusting by die toer-toerusting inkorporeer.  Daar word nie klanktoerusting benodig nie, aangesien dit alles saamgebring word.  Uit 'n tegniese oogpunt beskou, is die produksie eenvoudig en maklik om aan te bied.

Die verhoogspan benodig ses ure om die dekor op te rig en 'n verdere twee ure om dit weer te verwyder.  Alle eiendom van die NTO word NA die vertoning uit die saal verwyder.  'n Inventaris van die bestaande saal-inhoud moet VOORAF aan die NTO verskaf word sodat dit nagegaan kan word VOORDAT ons span die saal ontruim.

Die onderstaande finansiële projeksie is 'n aanduiding van hoe potensiële inkomste tussen die NTO en die Vennoot verdeel sal word :

***MAKSIMUM***

| | | |
|---|---|---|
| 250 kaartjies @ R120 elk | = | R30 000 |
| **25% aan Vennoot** | **=** | **R 7500** |
| 75% aan die NTO | = | **R22 500** |

***MINIMUM***

| | | |
|---|---|---|
| 150 kaartjies @ R120 elk | = | R18 000 |
| **25% aan Vennoot** | **=** | **R 4500** |
| 75% aan die NTO | = | **R 13 500** |

By bostaande moet verversingsverkope vir die Vennoot getel word. Die sukses van verversingsverkope sal van elke Vennoot self afhang.

Dit is nie moontlik om berekenings te doen ten opsigte van afslagkaartjies nie, maar die Vennoot sal so danige afslagverkope in berekening moet bring voordat weeklikse terugvoer en betalings gemaak word.

***Indien 'n borg vir kaartjies vir sekere persone betaal, word sodanige borgskap as "inkomste" gereken en geld dieselfde 75/25 omsetverdeling.***

***Ons Vennootskap***

Die NTO wil graag 'n vennootskap met u, u skool of organisasie aangaan om ons by te staan sodat ons 'n suksesvolle vertoning na u dorp of stad kan bring. Hierdie Vennootskap sal op wedersydse vertroue berus en ons wil graag sien dat sodanige vennootskap selfs NA die huidige produksies voortgesit kan word. Dit is onmoontlik vir die NTO om uit Kaapstad, waar ons hoofkantoor geleë is, al die reëlings self te tref. Daarom moet ons staatmaak op iemand op elke dorp / stad om hiermee behulpsaam te wees. In ruil vir u samewerking en ondersteuning, bied ons 'n 75/25 verdeling van kaartjie-inkomste aan. Afhangend van hoe suksesvol die vertoning op elke dorp is, kan u / u skool / u organisasie / u kerk tot R7 500 per vertoning verdien. Indien MEER kaartjie as beoog verkoop word, neem hierdie inkomste natuurlik ook toe.

Daar is baie logistieke reëlings wat vir elke vertoning getref moet word en ons sal u bystaan om van al hierdie reëlings 'n sukses te maak. Uiteindelik word die sukses van elke vertoning aan die GEHALTE van die spelers SOWEL as die aantal gehoorlede gemeet. Dit is nie maklik vir enige speler om voor 'n klein gehoor op te tree nie en juis daarom is dit belangrik dat ons Vennootskap daarop sal fokus om "agterstewe op sitplekke" te kry! Wanneer ons suksesvol is hiermee, is almal gelukkig en tevrede - ons spelers en u.

Ons sien daarna uit om binnekort 'n formele ooreenkoms met u aan te gaan en spoedig saam te werk aan 'n suksesvolle vertoning van al ons 2022 produksies op u dorp of in u stad.

***Hoe om voort te gaan***

Aangeheg hierby, is 'n vorm wat asseblief voltooi moet word ten einde u / u organisasie / kerk / skool as 'n een van ons Gasheer-Vennote te bevestig. Nadat die vorm voltooi is, moet dit asseblief na ons gestuur word per e-pos of faks.

Ons kontakbesonderhede verskyn op die laaste bladsy van hierdie dokument.

Sodra ons die voltooide vorm ontvang, sal ons 'n brief aan u stuur om al die reëlings van ons kant te bevestig. In die brief sal 'n unieke verwysingsnommer verskyn wat u asseblief in alle korrespondensie met ons moet gebruik. Die nommer dien ook as verwysingsnommer elke keer wanneer u fondse in die NTO rekening deponeer. Die brief sal gevolg word deur 'n koerier-pakkie waarin u eerste produksie se plakkate, brosjures en kaartjies sal wees. Sodra u die pakkie ontvang, moet ons kantoor asseblief dadelik in kennis gestel word.

Soos reëlings van ons kant vorder, sal u elke tweede dag op datum gebring word.

Dit is ook belangrik dat gereelde terugvoer van u ontvang word. Enige probleme of uitdagings kan enige tyd met u kontakpersoon by ons kantoor bespreek word en sal alles in ons vermoeë doen om sulke probleme te help oplos.

Ons sien uit na 'n voordelige sakeverhouding met u!

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| ***Telefoon*** | : | 021 023 1821 | - | Algemene navrae |
| ***E-pos*** | : | info@toneel.xyz | - | Algemene sake |
| | | dorpe@toneel.xyz | - | Spesifieke navrae oor u dorp en die vertoning daar |
| ***Posadres*** | : | NTO, Hugostraat 67, Vrijzee, 7460 | | |
| ***Selfoon*** | : | 079 464 4139 | - | **Slegs in geval van na-ure noodgevalle** |
| ***Webtuiste*** | : | www.toneel.xyz | | |

**Webtuiste SLEGS vir gebruik deur dorpe nadat u 'n NTO dorpkode ontvang het : www.toneel.co.za**